



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

RELIGIESTUDIES V2

NOVEMBER 2016

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF vrae.
2. Beantwoord enige DRIE vrae.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Die lengte van jou antwoorde moet ooreenstem met die punte wat vir elke vraag toegeken is.
6. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAG 1

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Geen godsdiens is 'n soliede, monolitiese eenheid nie. Hulle het almal baie interne verskille en die verskille was sedert hulle ontstaan al daar.

[Aangepas uit *Religion Studies Grade 12*, HC Steyn]

- 1.1 Bespreek die interne verskille van EEN godsdiens onder die volgende opskrifte:
- 1.1.1 Leringe (10)
- 1.1.2 Gebruike (10)
- 1.2 Evalueer die moontlike gevolge van interne verskille vir godsdienste. (14)
- 1.3 Maak 'n lys van enige VIER hermeneutiese beginsels en verduidelik die belangrikheid van elke beginsel in die interpretasie van heilige tekste. (4 x 4) (16)
- [50]**

VRAAG 2

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Alle godsdienste het 'n stel oortuigings oor die aard van goddelikheid, die mensdom, die wêreld, die skepping en ander aspekte van die lewe. Sulke breë oortuigings word godsdienstige leringe genoem.

[Aangepas uit *Shuters Top Class Religion Studies, Grade 12*]

Beantwoord die volgende vrae met verwysing na enige EEN godsdiens.

- 2.1 Ontleed die aard van goddelikheid soos dit in die godsdiens se kernleringe verduidelik word. (18)
- 2.2 Bespreek die kernleringe van die godsdiens wat na die verhouding tussen die gemeenskap en die individu verwys. (12)
- 2.3 Verduidelik die godsdiens se siening oor die oorsprong van die bose. (10)
- 2.4 Verduidelik die godsdiens se leringe oor die lewe na die dood. (10)
- [50]**

VRAAG 3

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Godsdienste vir Vrede het by 'n groep organisasies aangesluit in 'n inisiatief wat hulp sal verleen aan miljoene kinders in Afrika wat deur MIV en Vigs wees gelaat is. Die 'Hope for African Children Initiative' (Inisiatief vir Hoop vir Kinders van Afrika) pak uitdagings soos die risiko van wanvoeding, siekte, mishandeling en seksuele uitbuiting aan wat weeskinders in die gesig staar.

[Aangepas uit *Shuters Top Class Religion Studies, Grade 12*]

- 3.1 Wat is die oorsake van MIV en Vigs? (10)
- 3.2 Watter uitwerking het MIV en Vigs op die samelewing? (10)
- 3.3 Bespreek verskillende godsdienstige leringe wat oplossings vir MIV en Vigs bied. (20)
- 3.4 Dink jy godsdienstige organisasies is besig om die stryd teen MIV en Vigs te wen? Gee redes vir jou antwoord. (10)
- [50]**

VRAAG 4

- 4.1 Bespreek die oorsprong van enige EEN sekulêre wêreldbeskouing deur te verduidelik hoe en hoekom dit ontstaan het. (10)
- 4.2 Bespreek die leringe van die sekulêre wêreldbeskouing in VRAAG 4.1 hierbo. (20)
- 4.3 Bespreek hoe die normatiewe bron(ne) van enige EEN godsdiens ontstaan en oor tyd ontwikkel het. (20)
- [50]**

VRAAG 5

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

In die middel van die 19^{de} eeu het die bioloog, Charles Darwin, sy evolusieleer in *The Origin of Species* gepubliseer. Dit was die eerste niegodsdienstige verduideliking van hoe die wêreld geskep is en waar mense vandaan kom. Sedert Darwin is daar al baie gedebatteer oor wat sy teorie vir godsdienstige oortuigings beteken.

[Aangepas uit *Shuters Top Class Religion Studies, Grade 12*]

- 5.1 In watter mate het godsdiens se houding teenoor evolusie sedert die 19^{de} eeu verander? Gee voorbeelde uit ten minste TWEE godsdienste om jou antwoord te ondersteun. (30)
- 5.2 Bespreek die verhouding tussen die Oerknalteorie en enige EEN godsdienstige lering oor die skepping. (20)
- [50]**

TOTAAL: 150